

Genade en vrede ...

*Jesus
bewerk en gee en is
lewe!*



Genade en vrede ...

JESUS BEWERK EN GEE EN IS LEWE!

Liewe broer, liewe suster

Watter rol speel ons Here Jesus in jou lewe elke dag?

- As jy môre skool toe gaan ... Wiskunde, Afrikaans, Toerisme moet gaan leer ... waar pas Jesus dan in?
- As jy hierdie week weer by jou werk moet gaan worstel om kop-bo-water-te-hou, as jy met jou ma, jou kinders by die huis moet werk ... waar pas Jesus in?
- As jy hierdie week – soos Hester Jonker-hulle – by jou Pa se oop graf moet gaan staan ... waar pas Jesus dan in?

Dis ons vraag vanoggend, liewe mede-gelowiges:

Waar pas Jesus in ... in jou en my lewe as gelowiges elke dag?

IN MY LEWE (AS GELOWIGE) HET EK JESUS NODIG!

In Psalm 132 is dit waarskynlik Salomo wat besig is om te bid:

- Hy sê dit nie direk in die Psalm nie.
- Maar in die Psalm word gebid ... vir die Here se gesalfde, vir die koning.
- En wanneer Salomo by die opening van die tempel bid, haal hy spesifiek Psalm 132 ... gaan lees maar 2 Kronieke 6 ... en dan hoor jy Psalm 132 ...
- Die Here se wyse koning, Salomo, gesels hier met die Here.

Waaroor?

- Oor sy werk en sy lewe van elke dag ...
- Hy praat naamlik in vers 1 van ... *sy opofferings* ...
- Hy is besig om die tempel te bou ...
- Hy doen dit omdat sy pa, Dawid, vir hom gesê het dis wat hy moet doen.
- Maar dis nie so eenvoudig om hierdie tempel net te bou nie.
- Née, daar is baie uitdagings ... probleme ...
- Hy kry swaar om sy werk te doen.

Dis hoekom Salomo sê:

*Dink tog, Here ... aan al sy (my) opofferings ...
... moet U tog nie u gesalfde wegwys nie.*

- Ja, Here, onthou my tog ... en onthou tog al my swaarkry en my probleme.
- En wanneer U onthou ... doen tog iets daaraan!
 - Ja, moet tog nie wegkyk van wat in my lewe aan die gang is nie, Here.
 - Wees tog betrokke in my lewe!

Salomo pleit dat die Here in sy lewe van elke dag vir hom sal sorg.

En dan sê Salomo ook nog:

*Here, doen dit tog ... **ter wille van Dawid, u kneg!***

- Here, ek vra nie dat U met my sal besig wees omdat ek besonders is nie.
- Née, gee tog aandag aan my ... ter wille van Dawid.
- Dawid was u geliefde koning ...
- Dawid was die man na u hart ...
- Mag Dawid tog my Middelaar wees met U!

Ja, Here ... sorg tog vir my ... ter wille van Dawid!

Is dit nie aangrypend nie, geliefdes?

- Salomo is hierdie besondere koning ... wys en ryk en bevoorreg ...
- Hy is besig met sy daaglikse lewe ... om sy roeping uit te leef ...
- En duidelik erken hy:

Ek kan dit nie op my eie doen nie.

Here, U moet my help ... ter wille van Dawid ... ter wille van U geliefde koning!

Dis hier waar ons nou 'n oomblik moet verder kyk, geliefdes:

- Want Dawid was die man na die Here se hart.
- Maar ... Dawid was en is nie die een en die al nie.
- Inteendeel ... Dawid is maar 'n klein mannetjie in vergelyking met Jesus!
- Jesus self sê immers in Matteus 12:

En hier staan Een wat groter is as Salomo!

- En wie is *hierdie EEN* van wie Jesus praat?

Hyself!

Hy, Jesus, is soveel meer as Salomo ... en as Dawid.

- En as jy dan ook nog onthou dat Psalm 132 oor die tempel, oor Sion, praat ... en dat Jesus in dieselfde Matteus 12 ook oor die tempel sê:

Hier is Een wat groter is as die tempel.

... dan sien mens hoe die hele Psalm 132 eintlik net vooruit kyk na Jesus:

Jesus ... meer as Salomo ... meer as Dawid ... meer as die tempel.

En dan besef jy ...

- Salomo mag bid:

Here, help my tog in my lewe van elke dag ... ter wille van Dawid!

- Maar ons mag bid:

Here, help my tog in my lewe van elke dag ... ter wille van JESUS!

Dis die aangrypende ... en die belangrike ... juis van Psalm 132:

- Dit leer ons dat ons juis JESUS nodig het ... in ons lewe elke dag.
- Ja, wanneer ons gelowig, in diens van die Here, elke dag se lewe wil aanpak, het ons nodig om te sê, te bid, te pleit, te leef met die wete:

As gelowige het ek JESUS broodnodig in my lewe van elke dag!

JESUS SIT ALLES IN ... VIR ONS LEWE MET HERE

Hoekom Jesus?

In verse 1-10 word duidelik gewys:

Jesus is die Een wat ALLES DOEN sodat ek saam met die Here kan leef!

Salomo praat naamlik oor sy pa, oor Dawid:

- En wat vertel hy van Dawid?
- Praat hy oor hoe Dawid vir Goliath verslaan het?
- Praat hy oor al die oorloë wat Dawid gewen het?
- Praat hy oor al Dawid se stoutigheid ... oor sy sonde met Batseba?
- Née, geliefdes, Salomo praat oor Dawid se werk ... vir die tempel!

Dawid het naamlik 'n belofte gemaak ... 'n eed gesweer:

Here, ek wil 'n plek vir U gereed maak, 'n woning vir U as magtige God van Jakob!

- Dawid het besef dat die Here nie altyd net die tent, die tabernakel, wil hê nie.
 - Het die Here dan nie self deur Moses gesê dat Hy eendag op 'n vaste plek in die beloofde land sou bly nie?
 - Is dit nie die eindpunt van die Here se genade-pad met sy volk ... wanneer Hy nie net sy volk in die beloofde land inlei nie, maar hulle ook 'n vaste plek gee waar hulle Hom kan ontmoet nie?
 - Het die Here nie vooruit gesê dat Hy juis by Sion, in Jerusalem, 'n tempel gaan hê waar Hy en sy kinders sal kan saam-wees nie!

- En dís hoekom Dawid belowe:

Here, ek GAAN vir U die tempel bou ...

want dis by die tempel waar Israel saam met die Here gaan kan leef!

En dan is die besondere van Dawid ... hoe baie moeite hy doen:

- Here ... ek gaan nie op my bed lê en vry nie.
- Here ... ek gaan nie op my bed lê en slaap nie.
- Here ... ek gaan nie tot rus kom voordat ek hierdie tempel gebou het nie!
- Ja, Here ... Ek sal my hele lewe gee ... al my energie gebruik ...

Ek het hierdie brandende begeerte om u tempel te bou!

En ons wéét hoe die tempel prioriteit nommer een in Dawid se lewe was:

- Nadat hy – verkeerdelik – die volk laat tel het ... het Dawid die altaar van versoening ... in Jerusalem gebou ...
- Hy het die ark na Jerusalem gebring.
- Hy het al die voorbereidings vir die bou van die tempel getref ...
 - die klippe laat kap ...
 - die spykers gereed gemaak ...
 - 'n bouplan vir die tempel opgetrek.
- Hy het gereël

- hoe die priesters en leviete moes werk ...
- hoe die sangbegeleiding gaan plaasvind ...
- hoe die tempelskatte opgepas gaan word.
- En uiteindelik het hy ook vir Salomo gesê:
Besef nou dat die Here jou gekies het om 'n gebou as heiligdom op te rig.
Pak nou die werk aan en doen dit!

Boonop het Dawid al hierdie dinge nie net op sy eie gedoen nie:

- Née, hy het die mense om hom aangevuur om self ook betrokke te raak.
- Ons lees daarvan in verse 6-7:
 - *Kyk, ons het daarvan gehoor in Efrata, dit gevind in die velde van Jaär.*
 - *Laat ons sy woning binnegaan en in aanbidding buig ...*
- Ja, die *ons* is die mense saam met Dawid ... sy werkers ... sy volk.
- Dawid het dus gesorg dat almal opgewonde en lus en gereed is om die Here se werk te doen ... om in diens van die Here te leef!

Daarom is daar ook hierdie behoefte, hierdie begeerte dat die Here saam met hulle sal wees:

Kom na u rusplek toe, Here, U en die ark, die teken van u mag.
Gee aan u priesters die oorwinning, laat u troue dienaars juig.

Ja, Dawid het sy mense aangevuur om juis saam met die Here te kan leef!

Kry jy die prentjie van wat Dawid gedoen het, geliefdes?

- Hy sit self alles in ... sodat hy en sy mense saam met die Here kan leef.
- Hy vuur sy mense aan ... om alles in te sit ... om saam met die Here te leef.
- Hy sorg voluit dat sy mense by die Here tot rus kan kom ... die lewe saam met die Here kan leef en geniet!

En as jy Dawid so sien, geliefdes ... dan sien jy ook Jesus:

- Jesus wat alles insit en doen ... sodat ons saam met die Here kan leef:
 - Jesus wat mens word ... Homself verneder.

- Jesus wat dag en nag preek ... om mense tot geloof te bring.
- Jesus wat voortdurend wonders doen ... om sy boodskap te bevestig.
- Jesus wat Homself aan die kruis laat spyker ... om ons by Here te bring.
- Jesus wat na sy opstanding wéér en wéér en wéér met sy dissipels werk om hulle te help glo: *Hy lewe!*
- Jesus wat uit die hemel uit steeds voluit bly werk ... tussen sy kerk rondloop ... om hulle by Hom te hou!
- Maar jy sien ook Jesus wat sy mense om Hom aanvuur:
 - Jesus wat dissipels roep ... en hulle volg Hom onmiddellik.
 - Jesus wat dissipels uitstuur ... en hulle gaan werk met oorgawe.
 - Jesus wat 'n buitelandse vrou aanvuur om te sê:

Here, as ek maar net die krummeltjies kan kry.
 - Jesus wat die vroue elke dag laat saamstap ... tot by die kruis ... tot by sy graf ...
 - Jesus wat die Gees van die Vader ontvang en uitstort ... om gelowiges te verander en te vul en aan te vuur.
 - Jesus se Gees wat sorg dat die gelowiges op elke plek oor Jesus praat en bly praat.

Ja ... Jesus is ywerig, hard aan die werk, en vuur ons deur sy Gees aan!

En DIT IS hoekom ons Jesus elke dag nodig het, geliefdes:

Want JESUS sit ALLES in sodat jy en ek saam met die Here kan lewe!

JESUS GEE VIR ONS LEWE EN IS SELF ONS LEWE!

Maar Psalm 132 sê nog iets meer... want in Psalm 132 hoor ons ook:

Jesus GEE ook vir ons lewe en IS SELF ons lewe!

Ons Here vertel dit self vir ons in die tweede helfte van Palm 132 ...

Want vanaf vers 11 lees ons hoe die Here teenoor Dawid belowe het:

- Dawid, jy gaan koning wees ...
- En Dawid ... een van jou kinders en kleinkinders gaan ALTYD koning wees!

Maar hierdie belofte is nie onbeperk nie, geliefdes:

- Want die Here het vir Dawid duidelik gesê dat sy kinders SAAM MET DIE HERE gaan moet leef.
- Hulle moet die verbond, die ooreenkoms, handhaaf.
- Hulle moet hulle hou aan wat die Here hulle leer.
- Dan dink jy aan die wet, die Tien Gebooie, en aan al die ander voorskrifte wat die Here vir sy volk gegee het.
- Jy is nie maar net kind van die Here en dan leef jy soos jy wil nie.
- Née, jy is kind van die Here ... en DAAROM leef jy soos die Here wil.

Maar nou weet ons hoe ons as mense misluk om gehoorsaam en nuut en goed saam met die Here te leef:

- Ons weet dit uit Dawid se eie lewe ...
 - Dink maar aan sy verhouding met sy buurvrou, Batseba.
 - Dink maar aan die moord wat hy gepleeg het om sy sonde toe te smeer.
 - Dink ook maar oor hoe hy met sy seuns gesukkel het.
 - Dawid het maar geworstel om regtig saam met die Here te leef.
- En ook Dawid se seuns en kleinseuns het dit nie reggekry nie:
 - Salomo se 700 vroue en 300 byvroue vat hom vat van die Here af.
 - Rehabeam ... staan nie op vir die Here nie ...
 - Abia ... is nie so getrou aan die Here soos Dawid nie ...
 - Asa en Josafat ... dien wel die Here, maar nie voluit nie ...
 - Joram ... leef so goddeloos soos Agab ...
- En so kan ons aangaan en aangaan en aangaan ... en onself ook in die prentjie intrek

*Dawid en sy kinders ... en ons en ons kinders ...
ons kan net nie op ons eie saam met die Here leef nie.*

Dis hoekom die tempel, Sion, so belangrik was, geliefdes:

- Want by Sion gaan die Here wees en bly ... ja!

- Maar ... by Sion gaan veral die Here **in sy genade** teenwoordig wees.
- Ja, Sion is immers die plek waar die Here voorsien, waar die Here sorg, waar die genadig is ... sodat sy kinders saam met Hom kan bly leef!

Dink maar aan Abraham wat vir Isak moes gaan offer:

- Abraham sit Isak op die altaar ... wil hom doodmaak!
- Dan keer die Here hom.
- En die Here sorg vir die bokram ... wat kan sterf sodat Isak kan lewe!
- Waar het dit gebeur?

By Moria ...

- En waar is Moria?

Reg by SION!

Dawid self ... was baie stout toe hy die volk laat tel het:

- Die Here is woedend omdat Dawid so sy eie krag wou na vore bring.
- Daarom word die volk met pes getref ...
- Duisende mense sterf ...
- En dan ... dan wil die engel sy hand uitsteek om die mense van Jerusalem dood te maak.
- Maar die Here stop die engel ... stop die pes ... stop die dood.
- En waar moet Dawid dan die altaar bou , die versoeningsaltaar?

By Arauna se dorsvloer ...

- En waar is hierdie dorsvloer?

Reg by SION!

Sien jy hoekom is SION belangrik?

- Dis waar die Here elke keer weer sy volk red ... laat lewe.
- Dis waar die Here dood omdraai in lewe.
- Dis waar die Here versoening moontlik maak.
- Dis hoekom die tempel ook gefokus het op ... versoening!

SION is die plek van versoening ... waar die Here lewe moontlik maak!

Maar by Sion kry ons meer as net versoening, geliefdes:

- Hoor verse 15-16:

*Sion se voedselvoorraad sal Ek ryklik seën;
haar behoeftiges sal Ek met brood versadig;
haar priesters sal Ek met verlossing bekleë
en haar troue volgelinge sal uitbundig juig.*

- Ja, alles wat ons nodig het om te kan lewe ... dit vind jy by Sion!
- By Sion is genoeg kos.
- By Sion word selfs die armes versorg ... meer as genoeg.
- By Sion word die mense wat die Here wil dien, verlos van hul sonde en met 'n nuwe hart en lewe toegerus.
- By Sion kan die Here se kinders gelukkig wees, baie gelukkig ... en voortdurend die Here loof en prys!

By Sion kry jy alles wat jy nodig het om te kan leef.

Hoe is dit moontlik?

Die Here self sorg daarvoor!

- Hy laat by Sion vir Dawid 'n horing uitgroei ...
- Hy maak 'n lamp gereed vir sy gesalfde.
- Hy sal hierdie koning wat kom sy vyande met skande bekleë,
- Hy sal hierdie koning wat kom se kroon op hom laat skitter.

Die Here gee 'n Koning ... wat lewe gee en self lewe is!

Dis hier waar ons nou die lyn weer na ons Here Jesus moet trek, geliefdes:

- Want op Wie dui die tempel en die versoening wat mens daar kry sodat jy saam met die Here kan leef?

Op JESUS!

- Het Johannes nie van Hom gesê nie?

Daar is die Lam van God ... wat die sonde van die wêreld wegneem.

- En op WIE dui die rus en lewe wat daar uit Sion kom?

Op JESUS!

- Het Hy nie gesê:

Ek is die goeie herder wat sy lewe vir sy skape gee nie?

- Het Hy nie self sy hande uitgesteek en gesê:

Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is ... en

Ek sal julle rus gee!

- Ja, geliefdes:

Jesus IS OOK MEER as die tempel ...

- Hy het dit in dieselfde Matteus 12 gesê!

- Daarom is dit juis Jesus wat vir ons so belangrik is:

Hy het met sy liggaam gesorg dat jy en ek kan lewe!

Hy IS die lewe en GEE vir ons die lewe!

Geliefdes:

Begryp jy nou hoekom Jesus so belangrik is vir jou lewe van elke dag?

- Jy en ek kan nie self altyd gehoorsaam met die Here saam-leef nie.
- Jy en ek het nodig dat iemand vir ons sorg ... liggaamlik en geestelik.
- Jy en ek moet gered word, verlos word.
- Jy en ek moet gehelp word om die Here te kan eer.
- En wie help ons, red ons, versorg ons, gee ons genade?

Ons Here Jesus!

In Hom is ons genade, ons vrede, ons rus!

Liewe broer en suster:

Waar pas Jesus in jou en my lewe as gelowiges elke dag in?

- Wél, in alles het ons JESUS nodig!
- Want
 - Jy en ek kan nie self altyd gehoorsaam met die Here saam-leef nie.
 - Maar Jesus is die Een wat alles insit om ons saam met die Here te laat leef.

- En Jesus is ook die Een wat vir ons die lewe GEE en SELF die lewe IS.
- Sonder Hom kan jy en ek nie die lewe aanpak nie!
- Daarom ... daarom is dit so belangrik om elke dag in jou lewe, elke oomblik in jou lewe, te bly roep en bid:

Here, help my tog ... en sorg tog vir my ... ter wille van Jesus!

Geliefdes:

- Kyk op na Jesus ...
- Reik uit na Jesus ...
- Gryp vas aan Jesus ...
- Vertrou op Jesus ...
- Pak elke stukkies van jou lewe aan uit Jesus ...
- En uiteindelik ... bewonder Jesus!
 - Hy is die Een wat alles insit om ons saam met die Here te laat leef.
 - Hy is ook die Een wat vir ons lewe GEE en SELF die lewe IS.

Kom ons sing Lied 514 ...